# VGK MALMESBURY GESINSDIENS, 5 APRIL 2020

***RAAK BEWUS VAN GOD SE TEENWOORDIGHEID***

- Vandag is Palmsondag. Plaas enige iets wat groen is in julle ruimte wat as herinnering dien aan die palmkruise wat ons gewoonlik op Palmsondag ontvang.
- Begin julle byeenkoms deur die verhaal van Palmsondag hardop te lees soos ons dit vind in Matteus 21:1-11.
- Een van julle kan nou ‘n kort opsomming gee van wat in die verhaal gebeur en ‘n gebed doen.

***RAAK BEWUS VAN WAT JULLE VOEL EN DINK***

- Ons is baie vinnig om mekaar te kritiseer en mekaar se foute uit te wys. Met Jesus se intog in Jerusalem is hy geloof en geprys. Op ‘n manier kan ‘n mens sê dat die mense hul waardering teenoor Hom uitgespreek het. Ons kan dus Palmsondag gebruik om ook waardering teenoor mekaar uit te spreek.
- Gee nou aan elkeen die geleentheid om te sê wat julle van en in mekaar waardeer. Dit kan jou kind wees wat jou met skottelgoed gehelp het, jou ma wees wat lekker kos gemaak het of jou pa wat altyd glimlag. Enige iets in daardie lyn.

***ONS AANBID***

- Julle kan ‘n loflied saamsing (soos gesang 22) of na enige opgewekte liedjie luister.

***ONS LEES DIE WOORD***

- Twee persone kan nou voortgaan (indien moontlik, ‘n man-stem en ‘n vroue-stem) om **Matteus 26:36-46** hardop te lees. Daarna kan elkeen die teks vir ‘n derde keer op sy/haar eie lees.
- Omkring, onderstreep of skryf enige iets neer wat by jou opkom of uitstaan uit die teksgedeelte. Deel dit dan met mekaar in die groep of twee-twee. ***(Maak asb seker dat julle die gedagtes en opinies van ons kinders en jongmense ook hoor!)***

**OORDENKING**

Ek is seker almal van ons het gebede wat nooit beantwoord is nie, of ten minste nie soos ons gevra het nie.

Jesus weet hoe dit voel want ook hý het die ervaring van ‘n gebed wat nie beantwoord is nie.

‘n Paar dae voor Sy kruisging kry ons hom in ‘n tuin met die naam Getsemane. Hier in die tuin sien ons dat Jesus werklik mens was. Hy is beangs, bedroef en doodsbenoud. Hy toon rou menslike emosies want die tyd vir sy lyding, kruisiging en dood het aangebreek.

Met hierdie rou emosies val Hy op die grond en bid: ***“My Vader, is daar enige kans dat Ek die pad wat vir my voorlê nie hoef te loop nie? Is daar ‘n uitweg?” “My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan.” “My Vader, as U dit wil doen, neem asseblief hierdie swaarkry weg***

***van My, moenie vir My hierdie beker gee om te drink nie...”***

Maar die hemel is stil. Hy versoek, maar sy versoek word nie toegestaan nie. Hy vra, maar hy ontvang nie. Jesus voel dit aan sy eie lyf dat God soms gebede antwoord deur dit nie te beantwoord nie.

Wat sou van ons geword het as Jesus se gebed in Getsemane beantwoord moes word? Ek sidder om daaraan te dink...

Ek is dankbaar dat Jesus se gebed nie in Getsemane beantwoord is nie, want anders sou ons nooit van ons sondes verlos wees nie.

Dit lyk vir my dat een van die grootste seëninge in die lewe gebede is wat nie beantwoord word nie.

Dalk sit jy met gebede wat nooit beantwoord is nie, of ten minste nie soos jy dit beantwoord wou hê nie. Dalk het jy al iets gevra en dit nie gekry nie. Dalk het dit ‘n groot impak op jou geloofslewe gehad. Dalk het dit jou laat twyfel in die krag van gebed.

Getsemane leer my egter dat sommige onbeantwoorde gebede een van God se grootste geskenke is, want God weet van beter... God sien verder as ons...

Hier op Palmsondag sê ons dankie Here vir Getsemane se onbeantwoorde gebed.

U sien, God antwoord ons gebede soms deur dit nie te beantwoord...

AMEN

***ONS DOEN DIE WOORD***

- Praat ‘n bietjie oor die volgende vraag: “Watter gebed van jou is nooit beantwoord nie?” Hoe het dit jou laat voel en hoe het dit jou geloof in God beïnvloed?
- Vir klein kindertjies kan gewoon gevra word: “Wat het jy al vir Jesus gevra toe jy gebid het?”
- Indien julle oor ‘n “*printer*” beskik, kan kinders die inkleurprent hieronder inkleur.


***ONS BID VIR MEKAAR***

Een van julle kan nou voortgaan om vir julle buurmense te bid.

***AFSLUITING***

Sluit vandag se sessie gesamentlik af met die Onse-Vader gebed.

**-AMEN-**


Jesus' Triumphal Entry